

REPRODUKSIES VAN NEGENTIENDE EEUSE SUID-AFRIKAANSE SKILDERKUNS

Die skilderkuns in Suid-Afrika in die negentiende eeu het hom hoofsaaklik beperk tot die romanties-realistiese opvatting. Die destydse mens het groot belangstelling vir die wêreld om hom heen en vir nuwe onbekende gebiede gekoester. Diere, voëls, plante en geologiese opbou van 'n streek word dikwels deur 'n eksotiese bril bekyk. Ook op die skilders het dit alles natuurlik 'n groot indruk gemaak en wat hul oog vang, gee hulle met gretigheid weer op 'n manier soos hulle gedink het dat dit was. In werklikheid beeld hulle die wêreld uit soos hulle self graag wil hê dat dit moet lyk.

Daar is baie mense wat geskilder het. Party professionele skilders, het naam gemaak, en nie net in Suid-Afrika nie. Ander is hoofsaaklik outodidakte wat na baie oefening 'n heeltemal goeie peil bereik het. Nog weer ander beskik oor weinig meer as net redelike vaardigheid. Dit was bowendien deel van die opleiding van 'n Britse offisier in die 19de eeu om voldoende te kan teken en skilder om 'n landskap redelik herkenbaar weer te kan gee.

Wat die benadering of vaardigheid ook mag wees, die werk wat die skilders gelewer het, is vir ons baie belangrik. Deur hulle werk weet ons vandag hoe die wêreld aan die kus en in die binneland gelyk het, watter flora en fauna in 'n bepaalde streek voorgekom het, hoe die inboorlinge gelewe het. Daar is ook historiese gebeurtenisse uitgebeeld: die grensoorloë, verdedigingswerke en forte in die Oostelike Provinsie, Ou Kaapstad, skepe in die hawe, feestelike geleenthede en onderhandelinge met inboorlingkapteins, later die eerste ontwikkeling van die mynbedryf in die binneland.

Die werke is oral in Suid-Afrika in publieke en privaat versamelings versprei. Hulle is nie altyd maklik bereikbaar nie en daar moet teruggeval word op 'n klein aantal publikasies, soos dié van Gordon Brown, Kennedy en Bradlow. Dis die rede waarom die jaarlikse publikasies van die Permanente Bouvereniging so belangrik is. Elke jaar laat hierdie maatskappy 'n aantal blokke maak vir kleurdrukke van Suid-Afrikaanse kunswerke uit die vorige eeu. 'n Groot deel hiervan word gebruik vir almanakke. In 1950 het die eerste hiervan verskyn met ses gekleurde afbeeldings van litografieë deur Bowler. Daarna is gereeld elke jaar 'n almanak met ses reproduksies uitgegee. Mettertyd is 'n titelblad toegevoeg met 'n afsonderlike afbeelding in wit en swart. Aan die einde van 1970, na twintig jaar, het hierdie publikasies tot 'n indrukwekkende versameling van 126 afbeeldings uitgegroei. Bowendien is vanaf 1954 elke jaargang van 'n kort toeligting voorsien, dikwels met aanhalings uit dagboeke van kunstenaars self, of wat tydgenote in verband met 'n voorval of 'n streek, wat uitgebeeld is, te sê gehad het. Soms is gebruik gemaak van opmerkings van navorsers uit ons eie tyd, soos Frank en Edna Bradlow, A. Gordon Brown, F. J. Wagener, Philippa Sellicks en E. C. Lodge.

In totaal is in hierdie twintig jaar die werke van 23 skilders afgebeeld. Die belangrikste hiervan is Thomas Bowler (1813-1869), van wie 12 lito's

en 9 waterverfskilderye gereproduseer is. Van Thomas Baines (1820-1875) is 18, van G. F. Angas (1822-1886) en van S. Daniel (1775-1811) elk 11 werke opgeneem. Uit die bekende reisverhaal deur J. W. Burchell (1781-1868), *Travels in Southern Africa*, een van die beste reisbeskrywings uit die vorige eeu, is ses werke gebruik. Dieselfde aantal kom van werke van H. C. de Meillon, wat in 1823 na die Kaap gekom het, en Lt. Limley Graham (1851-1853 aan die Kaap), wat taferele in Kôsaland en die grensoorlog van 1851 weergee. Verdere afbeeldings is o.a. uit die werk van J. W. George (\pm 1870), C. D. Bell (1813-1821), H. Nicolls, C. J. Latrobe (1758-1836) se boek *Visit to South Africa*, F. T. l'Ons (1802-1887), Th. Slater, en T. Dold, albei 1820 Setlaars, Ch. Dickenson, J. B. West (1850 in Natal), P. L. G. Cloete in Natal, R. J. Gordon (1741-1796) en die vier sogenaamde Alberti-afdrukke van O. de Hower, J. M. Smies en kapt. W. B. E. Paravicini di Capelli.

Van die onbekende "J.W." is veertien werke gereproduseer. Nadat A. Gordon Brown die meeste van die werk geïdentifiseer het as van die hand van Christopher Webb Smith, is nog ses voëlprente in die versameling opgeneem. Baie van die werke is afkomstig uit die Parlementêre Biblioteek in Kaapstad. Ander bevind hulle in die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek in Kaapstad, die Africana Museum in Johannesburg en in besit van die stadsrade van Pretoria, Kaapstad, Durban, die Old House Museum in Durban en die Fehr-versameling in Kaapstad. Versamelaars wat bereid was om werke vir reproduksie beskikbaar te stel, is die Kimberley Club; die Eastern Province Guardian Loan and Investment Co., 'n professor in Zoölogie aan die Universiteit van Cambridge (Engeland); Clive Corder; W. en K. Campbell; R. R. Currie; G. Slater; mev. E. M. Snape; F. J. Wagener en die 1820-Setlaars Gedenkmuseum. Agttien afbeeldings kom uit albums.

Die illustrasies het nie beperk gebly tot kalenders nie. Party het selfs nooit op 'n almanak verskyn nie. Met verloop van tyd is die blokke telkens uitgeleen aan uitgewers vir gebruik in belangrike publikasies oor Suid-Afrika. Die eerste hiervan was die werk van Edna en Frank Bradlow, *Thomas Bowler of the Cape of Good Hope* (Kaapstad, 1955), waarin sewe kleur-illustrasies met behulp van die Permanente Bouvereniging opgeneem is. Dit is gevolg deur J. J. Redgrave en E. Barlow se *Frederick l'Ons, Artist* Kaapstad, 1958) met ses kleur-afbeeldings. Die belangrike werk van R. Lewcock, *Early Nineteenth Century Architecture in South Africa* (Kaapstad, 1963) bevat agt van hierdie afbeeldings; A. Gordon Brown se *Christopher Webb Smith, An Artist at the Cape of Good Hope, 1837-1839* (Kaapstad, 1965) bevat ses. Die tweede aangevulde uitgawe oor Bowler, *Thomas Bowler, His Life and Work*" (Kaapstad, 1967) deur F. R. Bradlow, het 'n hoogtepunt gevorm, deurdad dit nie minder as negeen-twintig van hierdie kleurafdrukke bevat nie! Hierop het gevolg V. S. Forbes, *Pioneer Travellers of South Africa* (Kaapstad, 1965) met een, F. R. Bradlow, *Alberti's Account of the Xhosa in 1807* (Kaapstad, 1968) met vier; H. W. J. Picard, *Gentleman's Walk* (Kaapstad, 1968) ook met vier, en ten slotte het A. F. Hattersley in sy *An Illustrated Social History*

of South Africa'' (Kaapstad, 1969) twaalf kleurafbeeldings opgeneem wat deur middel van die Permanente Bouvereniging verkry is. Baie van hierdie tegemoetkomings geskied deur bemiddeling van mnr. Eric Vertue, wat bekend is vir sy uitstekende werk in verband met die opname van ou Kaapse huise deur die Fotografiese Vereniging van Kaapstad. Sonder hulp kon bogenoemde boeke nie met soveel afbeeldings vir dieselfde prys beskikbaar gestel word nie.

In toenemende mate groei by groot handelondernemings in Suid-Afrika die besef dat 'n deel van hul advertensiekoste bestee kan word om kuns- en historiese sake te bevorder en aan te moedig. Dit is 'n strewe wat baie veelbelowend kan wees en waarvan die wetenskap groot voordeel van sal ondervind.

Prof. F. G. E. Nilant.